


# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 41    6 Junie 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## **REDAKSIONEEL** **Bondsvergadering**

Die tweede Bondsvergadering van die GHG begin DV 8 Junie te Theresapark. Ons sou graag wou stel dat sake nou normaal verloop en dat die GHG se aktiwiteite nou rustig gereël gaan word, maar die tydperk van uitdagings is allermins verby.

In die eerste instansie vind hierdie vergadering plaas met meer as 'n verdubbeling van gemeentes en afgevaardigdes vergeleke met 2013. Die stof gaan moet lê na die getalle ontploffing van einde 2013. Die wisselwerking op gelyke vlak tussen afgevaardigdes van groot gemeentes soos Meyerspark en huisgemeentes soos Oshikati gaan reg bestuur moet word. Die eerste leidraad tot goeie gesprek in dié opsig is dat almal moet onthou dat die Bond daar is om by te staan en adviseer, nie om voor te skryf en te beheer nie.

'n Tweede saak is die dreigende wolk van hofsake wat nie ignoreer kan word nie. Intern is dit so dat nie alle gemeentes daardeur bedreig word nie, tog is dit van groot belang dat gemeentes in solidariteit

sal dink en optree rakende die regspraak. Gemeentes soos Oshikati en Vaalwater is hierin tot voorbeeld indat hulle reeds bydra tot die regsfondse.

Van groter belang is dat die regssake nie die doen en late van die vergadering moet voorskryf nie. Gelowiges kan nie wag vir uitsluitel rondom eiendomme alvorens hulle met hulle geroepe taak aangaan nie. Uit die agenda is dit duidelik dat al die komitees wat aangewys is aandag aan hul opdrag geskenk het en dat daar al ver gevorder is met sekere aspekte van Bondsbelang.

Die Kuratorium se verslag wys die erns waarmee daar gestreef word daarna om te verseker dat 'n teologiese opleiding verseker word wat goed opgeleide, getroue Bondsprekante sal oplewer.

Die Mediakomitee se werk gaan verseker dat Bondsgemeentes, asook die GHG aktiwiteite, gerat is vir die uitdagings van die 21e eeu. Gemeentes sal moet bontstaan en rekenaar vooroordele agterlaat om by te bly met die hulpmiddels wat aangebied word.

Teenoor hierdie duidelike begeerte om "by te bly" tegnologies, is dit uit die Agenda duidelik dat die Bond se gemeentes en

predikante terug wil gaan en vasstaan by die Bybel as ware Openbaring van God. Die ideaal is om die eeue-oue boodskap met die mees moderne tegnologie te verkondig, sonder om in die strik van moderne ongelowige “wetenskaplikheid” te trap.

Die identiteit wat die Bond het as voortsetting van die Voortrekkerkerk is kosbaar en moet behou word.. Die begeerte om die identiteit te behou, kom na vore in beskrywingspunte rondom kerkorde, kategese en eie opleiding. Daar kan na verwagting nie onmiddellik aandag gegee word aan al die sake nie. Tog kan besluite geneem word wat kan dien as bakens vir die toekoms.

Theresapark is ook die plek waar die BondsDames die eerste keer byeen gaan kom. Net soos in die geval van die GHG is die doel nie om ‘n nuwe grootheid te skep wat kan regeer nie, maar om ‘n ruimte daar te stel waar ondersteun, begelei en inspireer kan word. Die dames vertoonwoordigend uit Bondsgemeentes gaan ‘n veilige, uitnodigende ruimte vir samewerking kan skep.

Saam met al die gemeentes is dit die redaksie van Koersvas se bede dat die Bondsvergadering tot God se eer mag geskied en dat daar goeie vrugte salwees op die arbeid van almal betrokke.

## NUUSBROKKIES

- Zoutpansberg het ‘n suksesvolle osbraai gehou en meer as 500 mense het gesmul en heerlijk saam met DJ Ossewa geskoffel.
- Theresapark se Vleiseterfees was soos altyd suksesvol en almal het as dik vrinne uitmekaar gegaan.

### **Bondsvergadering:**

Lidmate en ampsdraers wat as waarnemers na die vergadering wil gaan, is welkom om so te maak. U word versoek om u besonderhede aan ds Marais deur te gee sodat die agenda aan u gestuur kan word en daar vir u ruimte geskep kan word.

Lidmate wat kan help met gratis huisvesting vir afgevaardigdes moet u besonderhede deurstuur na dr Otto.

Die Susters kom op die tweede dag van die Bondsvergadering byeen (DV Maandag 9 Junie 2014). Alle belangstellendes is welkom per vooraf kennisgewing.

**Regsfonds inbetalings:** Ons begeerte is dat die sake van dispuut nie in die hof gaan draai nie. Ons probeer hard om die Christelike weg te volg. Intussen moet rapporteer word dat alle pogings tot skikking en versoening skipbreuk gely het. Die versoek dat ons die regsfonds laat aangroei, is daarom dringend nodig. Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff.  
[tomcases@lantic.net](mailto:tomcases@lantic.net).

### **BANKBESONDERHEDE:**

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

### **KENNISGEWINGS**

*Met die Bondsvergadering op hande net die laaste reëlins en versoeke:*

*Die registrasie open reeds Sondag 8 Junie om 16H00 en u word versoek om asseblief 'n bewys van betaling van registrasiekostes saam te bring.*

*Alle waarnemers moet ook registreer en is ook verantwoordelik vir die registrasiekostes van R250.*

*Alle groeteboodskappe, heil en seënwense sowel as mosies van simpatie moet voor Vrydag 6 Junie 2014 aan my versend word.*

*Alle predikante word daaraan herinner om 'n toga te dra tydens die erediens van Sondagaand.*

*Alle diensdoenende predikante, emeriti, professore en beroepafwagte predikante wat die vergadering bywoon word versoek om 'n afskrif van u ID saam te bring.*

*Ons sien uit na 'n sinvolle vergadering en wens elkeen van u 'n voorspoedige reis toe.*

*Ds Frans Marais*

#### **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek:

Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes)

Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8.

Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

#### **Drukwerk:**

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

#### **Vir aandag:**

##### **Alle GHG dames en Damesverenigings**

U word uitgenooi na ons dames konferensie. Die doel van die byeenkoms is om onderlinge kommunikasie te bewerkstellig en mekaar te ondersteun.

PLEK: Gemeente Theresapark

DATUM: Maandag 9 Junie 2014.

Tyd: 09:00 – 13:00

Uitnodigings, Geloofsbriewe en 'n Sakelys is reeds uitgestuur. Indien u nie een ontvang het nie, kontak Yvette Otto by [zyvette@gmail.com](mailto:zyvette@gmail.com) voor Dinsdag 13 Mei 2014.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

**by 018 381 1494.**

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

**PREMIERMYNHER**

# Buitewyk-Fondsinsameling

## Wen 'n mini-BOERDERY

U staan 'n kans om 'n mini-BOERDERY te wen deur 'n kaartjie te koop vir R100-00. Die opbrengs van die projek is ten bate van Premiermyn Hervormde Gemeente, Cullinan.



Die mini-BOERDERY bestaan uit drie jong Nguni verse en 'n jong Nguni bul.

Die wenner van die mini-BOERDERY mag ook vra dat die vier Nguni beeste op 'n veiling verkoop kan word. Die bedrag wat vir die beeste gekry word is dan ook die kontant bedrag wat die wenner sal kry.



Die trekking sal op 16 November 2014 na die erediens onder toesig van die Ouderlingevergadering geskied, waarna die gelukkige wenner telefonies in kennis gestel sal word.

**Kontak Hans 084 581 2905**